Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-08-08

Liewe Ouers

GR.R 2025

Ons herinner ouers dat die sluitingsdatum vir aanlyn aansoeke by die WKOD se webblad op **16 Augustus 2024** sluit.
SLEGS huidige Gr. RR-leerders van Klein Lochieland moet aanlyn aansoek doen vir Gr. R 2025. LET WEL: Dit is verpligtend!
Volg die volgende skakel: https://wcedonline.westerncape.gov.za/admissions-202324
Bewys van registrasie moet asb. na Klein Lochieland na adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za gestuur word. Onthou asb. om op die WKOD aansoek **Laerskool Lochnerhof (en nie Klein Lochieland nie)** as eerste keuse aan te dui.

GR.RR – 2025

Gr.RR-aansoeke vir 2025 se aansoekproses is oop. Aansoek- en registrasievorms is beskikbaar by Laerskool Lochnerhof by admin@lochnerhof.co.za. Stuur u aansoek vir 2025 so gou moontlik na die skool.
Geen aanlynregistrasie is nodig vir gr.RR 2025 nie – slegs die skool se vorms moet voltooi word.

KLEIN LOCHIELAND GEMEENSKAPSPROJEK

Klein Lochieland neem saam met die Laerskool hierdie jaar aan ‘n gemeenskapsprojek deel. Daar is besluit om hierdie jaar die **Animal Welfare Society Helderberg** in Gordonsbaai te ondersteun. Gedurende die volgende vier weke gaan ons elke week ‘n ander artikel aanvra. Deur middel van hierdie projek leer ons ook ons leerders van gemeenskapsdiens. Ouers hoef slegs een van die artikels elke week skool toe te stuur of ‘n eenmalige skenking. Elke bietjie help!

Week 1: 12-16 Augustus

- Enige soort droë honde- of katkos (“pellets”)

Week 2: 19-23 Augustus

- Enige soort blikkies honde- of katkos

Week 3: 26-30 Augustus

- Enige soort honde of kat bederfies, (“treats”) bv. *Beeno*

Week 4: 2-6 September

- Ou komberse, handdoeke, speelgoed, kosbakke

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het nog voorraad en daar is van die volgende groottes beskikbaar:
4-5 jariges
5-6 jariges
7-8 jariges en
9-10 jariges
Indien u nog belangstel stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

SPEELGOED

Ons wil graag 'n dringende beroep op die ouers doen om te kyk dat kleuters nie speelgoed saam skool toe bring nie! Dit veroorsaak baie hartseer en onenigheid tussen maats. Dit trek ook hul aandag van hul skoolwerk af. Maak asb. soggens seker hulle pak nie klein speelgoedjies in hul tasse nie.

EKSTRA KLERE

Onthou asb. om 'n ekstra stel **WARM** klere vir u kleuter in die tas te pak, vir ingeval u kind baie nat raak by die skool. Hulle moet ook met 'n warm baadjie skool toe kom, asb!

GRAAD R-INLIGTING:

GRAAD 1: 2025

Ons huidige graad R-kleuters se ouers hoef nie weer aansoek te doen by die WKOD nie, want julle het dit reeds verlede jaar gedoen. Julle kinders is reeds op die stelsel van Laerskool Lochnerhof en gaan outomaties oor na graad 1.

Ons tema vir die week is: **GROENTE en VRUGTE**
Assessering:
Tel in 2's tot 10
Rangorde tot 8 (eerste, tweede, derde, ens)
Spring oor swaaiende tou

Maandag	12 Augustus:	Ons bespreek die verskil tussen groente en vrugte
Dinsdag	13 Augustus:	Ons maak 'n vrugtebak-prent
Woensdag	14 Augustus:	Hersien klanke reeds aangeleer
Donderdag	15 Augustus:	Ons oefen om onsself te teken
Vrydag	16 Augustus:	***Lekkertjiedag***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **KORING en BROOD**
Ons persepsies is:
Getal: **6**
Klank: **g-klank**
Kleur: **Pers**
Vorm: **Ovaal**

Maandag	12 Augustus:	Ons teken ‘n bakker
Dinsdag	13 Augustus:	Ons maak ‘n gemmerbroodmannetjie
Woensdag	14 Augustus:	Ons verf ‘n kolwyntjie
Donderdag	15 Augustus:	Ons oefen om ons eie name **KORREK** te skryf
Vrydag	16 Augustus:	***Laaste dag vir aanlynregistrasie: Graad R-2025*** ***Stuur bewys van registrasie, asb.***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

Lag is die kortste afstand tussen twee mense

-Victor Borge